

Jesus herstel Petrus in die apostelamp (21:15-23)

Jesus herstel Petrus in die apostelamp (21:15-23) – Francois Malan

21:15 Na die oggendete langs die houtskoolvuur (*anthrakia*, 21:9) spreek Jesus Petrus aan as Simon, seun van Johannes, nie met die 'rots'naam wat Jesus hom gegee het nie (1:42; vgl. Mt 16:18). Jesus vra drie maal vir Petrus of hy Hom liefhet, nadat Petrus langs 'n houtskoolvuur (*anthrakia*, 18:18) drie maal ontken het dat hy Jesus ken en sy dissipelskap van Jesus verloën het. By hulle vorige maal saam, het Petrus oormoedig verklaar: Ek sal my lewe vir U aflê (Jn 13:37; in Mt 26:33 het hy nog gespog: al sou hulle U ook almal in die steek laat, ek sal U nooit in die steek laat nie).

Jesus vra: het jy My baie lief (*agapas*), meer as hulle hier? Petrus antwoord: Ja Here, U weet dat ek U liefhet (*filoo* soos 'n vriend; 15:13-15). In sy verleentheid vergelyk hy hom nie meer met sy mededissipels nie, maar werp homself op die Here en sy kennis van Petrus, dat die Here weet wat in sy hart aangaan (2:25), ten spyte daarvan dat hy gefaal het. Tot sy groot verligting aanvaar die Here hom deur hom weer aan te stel in sy diens (vgl. Lk 22:31-32). Petrus se liefde vir die Here moet blyk uit sy sorg vir die Here se kudde. Petrus wie se geloof hom gefaal het, kry die opdrag om Jesus se lamms, die swakkes in die geloof, te versorg.

21:16 Jesus vra vir die tweede maal: Simon seun van Johannes, het jy my baie lief (*agapas*). Petrus antwoord weer: Ja, Here, U weet dat ek u liefhet (*filoo*). Die herhaling van dieselfde vraag vra rekenskap oor die egtheid van sy gehegtheid aan Jesus, nou nie in vergelyking met die ander nie, maar van hom wat hier voor Jesus staan. Petrus se antwoord steun weereens op Jesus se kennis van sy hart as bewys van sy liefde. Jesus kan sy kudde se sorg alleen opdra aan iemand wat Hom onvoorwaardelik en onwankelbaar liefhet en doen wat Hy sê (15:10).

21:17 Die derde keer vra Jesus selfs of Petrus Hom liefhet (*fileis*) – soos hy nou al twee maal beweer het. Petrus se selfversekerdheid van voor die gevangening van Jesus is daarmee heen. Petrus word bedroef oor hierdie derde keer wat selfs sy vriendskap bevraagteken (Mat.26:75; Mk 14:72; Lk 22:61 vertel van sy droefheid direk na die haan gekraai het). Hy verwys vir sy getuienis van die egtheid van sy vriendskap na Jesus se alwetendheid – Here, U weet alles, U weet dat ek u liefhet (*filoo*). Die eerste opdrag was ‘laat my skape wei’ (*boskoo*), die tweede ‘pas my skape op’ (*poimainoo*), die derde is weer ‘laat my skape wei’ (*boskoo*). Al drie kere is daar ‘n heraanstelling van Petrus. Sy taak is om die gemeente te versorg, en die enigste vereiste daarvoor is liefde tot Jesus en Jesus se kudde. Dié liefde is ook die vereiste vir die manier waarop die volgelinge van Jesus versorg moet word.

21:18-19 Soos Jesus die dwarsbalk van sy kruis op sy nek, met sy hande daaraan vasgemaak, gedra het (19:17), so sal die soldaat, wat Petrus moet gaan kruisig, die dwarsbalk van Petrus se kruis op sy nek sit, en Petrus sal sy hande uitstrek om daaraan vasgemaak te word, soos die Romeinse gebruik was. Die ‘ander,’ nl. die soldaat, sal Petrus se lang jurk opbind en met sy gordel om sy middel vasmaak, sodat hy ongehinderd kan stap; die soldaat sal hom aanjaag na waar hy nie wil wees nie. So skets Johannes die kruisiging van Petrus met ‘n alledaagse beeld van iemand wat in sy jeug kan gaan waar hy wil, maar in sy ouderdom afhanklik word van ander om hom aan te trek en te lei, soms na plekke teen sy wil. Johannes beskryf dit as ‘n teken (dieselfde woord as die wondertekens wat Jesus verrig het); die betekenis van die teken is die dood waarmee Petrus God gaan verheerlik, in navolging van Jesus se dood tot verheerliking van God (12:27-28; 13:31-32; 17:1). God word verheerlik deur Christene wat hulle lewe afê vir die naam van Jesus (1 Petr.4:16). Petrus word gewys op die gevolge van sy heraanstelling as herder van Jesus se skape (21:15,17). Hy wat in 21:7 in sy vervaarde eiewilligheid nog sy eie klere aangetrek het, sal in sy ouderdom gebind word vir die Naam van Jesus, en soos die goeie herder sy lewe vir die skape aflê (10:11).

Jesus se finale opdrag aan Petrus is: Volg My! – sonder om van Jesus af te wyk, en tot in sy dood aan die kruis (‘n onverwagte vervulling van 13:36). Toe hierdie Evangelie geskryf is, het Petrus meer as 20 jaar tevore, moontlik in 64 n.C., aan ‘n kruis in Rome gesterf, volgens die kerklike oorlewering (Eusebius II25; 311 n.C.). Die ‘geliefde dissipel’

was toe waarskynlik ook al dood (vgl. die verklaring by 21:24).

21:20-21 Om Jesus te 'volg' beteken nie meer om agter Hom aan te loop, soos die dissipels vir 'n paar jaar lank gedoen het nie, maar verwys na Jesus se voortgaande werk in die wêreld deur sy volgelinge onder leiding van, en met die krag, van die Heilige Gees. Iets van die nuwe soort navolging van Jesus het Petrus reeds gesien in 'die dissipel vir wie Jesus baie lief was' (van wie ons reeds sedert hoofstuk 13 lees, die man aan Jesus se bors vir wie Petrus gevra het om by Jesus te vra wie die verraaier onder hulle is, wat eerste by die graf gekom het saam met Petrus, wat Jesus eerste op die strand herken het, en deur hom het Petrus na Jesus toe geswem). As die kruis Petrus se einde gaan wees, wat dan van hom?

21:22 Jesus wys Petrus se nuuskierige vraag af oor die lieflingdissipel se toekoms. Daaroor sal die Here nog self besluit. Die vraag wat 'n ander se toekoms sal wees is vir geen volgelinge van Jesus van belang nie. Dit is in die Here se hand. Maar wat wel uiters noodsaaklik is, is dat jy, wat die besondere voorreg ontvang het om deur Jesus geroep te word om Hom te volg, die vaste besluit neem om Jesus te volg en dit jou lewe lank met toewyding uit te voer. 'Jy' staan met klem voorop in die kort sinnetjie: Jy, volg jy My! Die roepstem van God mag nie verdring word deur weetgierigheid oor die wil van God vir ander nie. God gebruik elke mens op 'n unieke manier. So was die ywerige Petrus 'n getuie vir Jesus deur sy lewe en ook deur sy marteldood (die Griekse woord vir getuie, *martus*, het later 'martelaar' geword, vir die mense wat weens hulle getuie oor Jesus gemartel en doodgemaak is). Johannes was weer deur sy lang lewe 'n getuie van die liefde van God, sodat hy die benaming 'die geliefde dissipel' gekry het, die een wat in sy lewe en geskryfte getuie was van God se liefde vir die wêreld en vir hom.

21:23 Die vers is 'n byvoeging deur die skrywer om die presiese woorde van Jesus te onderstreep. Dit was skynbaar verkeerd vertolk deur die 'geliefde dissipel' se volgelinge, as sou Johannes bly lewe tot die wederkoms. En nou dat hy waarskynlik al dood is, verstaan hulle nie wat aangaan nie. Die 'broers' by wie die misverstand ontstaan het, verwys waarskynlik na die Johannese gemeentes. Die Here het nie gesê

(v22): 'Ek wil hê hy moet bly tot ek weer kom nie,' maar 'as Ek wil hê dat hy moet bly tot Ek weerkom – is dit nie jou saak nie, jy, volg jy My!.'

Die tweede slot (21:24-25)

21:24 'Ons weet...' waarskynlik is dit die skrywer se gebruikelike 'ons' (soos in 3:2 deur Nikodemus, in 3:11 deur Jesus; 20:2 deur Maria Magdalena) om die belangrikheid van die getuienis te onderstreep. Hierdie Evangelie is die getuienis van die 'geliefde dissipel.' Die skrywer wat sy getuienis opgeteken het, sê 'ons weet dat sy getuienis (*maturia*) waar is.' Hierdie Evangelie is by uitstek 'n getuienis oor Jesus, wat gebaseer is op die getuienis van Jesus self, en oor Jesus deur die Heilige Gees, wat die 'geliefde dissipel' in staat gestel het om dit te glo en te begryp, en daarvoor te getuig (*martureoo*), dit deur die eeue aan die kerk oor te dra. Daarvoor het die 'geliefde dissipel' 'n gelowige en oortuigde volgeling/e ('ons') gebruik om dit neer te skryf, soos bv. Tertius wat Romeine vir Paulus neergeskryf het (Rom 16:22).

21:25 Soos 20:30-31 sluit 21:25 ook af met 'n verwysing na baie ander dinge (baie tekens in 20:30) wat Jesus gedoen het. Die doel daarvan word in 20:31 aangegee: dat mense sal glo en lewe, in 21 is die skrywer beïndruk deur die omvang van die werk en lewe van Jesus. Hy gebruik 'n hiperbool: dat die wêreld nie die boeke sou kon bevat as alles neergeskryf is nie. Wat wel waar is, is dat geen mens ten volle die evangelie, die goeie nuus van Jesus, kan ken en begryp nie (vgl. Salomo se gebed in 1 Kon.8:27 oor die tempel, vgl. Jn 2:21 Jesus se liggaam as die ontmoetingsplek met God) – die eindige kan nie die oneindige bevat nie. Die menswording van die Woord om die hemel en die aarde en die tye te vervul met sy volheid, vol genade en waarheid (Jn1:14), bly 'n misterie, 'n geheimenis. Die openbaring van God in sy Woord/Seun is groter as die hele skepping wat Hy geskep het. Maar Hy het die Heilige Gees aan ons gegee om sy unieke openbaring in hierdie Evangelie te begryp, sodat elkeen wat in Jesus glo 'n dissipel word vir wie Jesus liefhet.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Epiloog (21:1-25)

Epiloog (21:1-25) – Francois Malan

Hierdie Evangelie het begin met 'n proloog of voorwoord wat 'n overture is tot die res van die Evangelie, met temas wat in die res van die Evangelie uitgewerk is. Hoofstuk 20 is eintlik die slot van die Evangelie wat alles weer saamvat met 'n kort opsomming in verse 30-31. Maar daarna verskyn hoofstuk 21 as 'n epiloog, 'n naskrif, met verskynings van Jesus aan sy dissipels wat nie in hoofstuk 20 vermeld is nie, en 'n gesprek met Petrus. Dit kon later deur die skrywer aangeheg wees, of is geskryf ná die skrywer van die Evangelie dood is, met 'n regstelling van die verkeerde verwagting dat die geliefde dissipel nie sou sterf nie (21:23).

Jesus verskyn aan sy dissipels by die see van Tiberias (21:1-14)

21:1 Daarna – na die opstanding van Jesus en sy tweede verskyning aan sy dissipels (vgl. v14 wat verwys na hierdie as die derde verskyning; hy bedoel skynbaar verskynings aan die dissipelgroep; die verskyning aan Maria word uitgesluit).

Die verhaal begin met die aankondiging 'Jesus het homself aan sy dissipels geopenbaar,' en sluit met die stelling 'Jesus is aan sy dissipels geopenbaar' (NAV: verskyn). Dit impliseer die besondere verskynings van Jesus, wat onverwags en onverklaarbaar verskyn, en dui ook die tema van hierdie paragraaf aan. Terwyl die eerste twee verskynings in Jerusalem agter slot en grendel plaasgevind het, is hierdie 'n verskyning in Galilea in die oopte van die strand.

21:2 Petrus word eerste genoem, waarskynlik as leier van die groep (wat eerste in die leë graf ingegaan het, 20:6) ; Tomas, ook Didimus (tweeling) genoem, verbind die derde verskyning van hoofstuk 21 aan Jesus se tweede verskyning, en aan Tomas se belydenis (20:26-29);

Natanael (Bartomeus van die ander Evangelies?) van Kana in Galilea, waar Jesus se eerste wonderteken plaasgevind het, sien die groter dinge van Jesus se belofte in 1:50;

die seuns van Sebedeus (Jakobus en Johannes volgens Mk 1:19; Mt 4:21; Lk 5:10) word nêrens in die res van die Evangelie genoem nie; die twee ander dissipels se name word nie genoem nie (raaiskote in die verlede was dat dit Andreas was, wat vir Petrus gaan sê het van Jesus; 1:40-41, en Filippus wat vir Natanael vertel het, 1:45; of, as die Geliefde dissipel nie Johannes was nie, dat hy een van die ander twee was, wat nie sy eie naam wou noem nie).

Slegs sewe name word genoem van die elf uit die twaalftal, waarna 6:67,70,71; 20:24 verwys. Maar waarom slegs sewe gaan visvang word nie verder aangedui nie.

21:3 Volgens Mk 16:7 (Mt 28:7) het Jesus aan die dissipels, deur die engele, opdrag gegee om na Galilea toe te gaan om Hom te sien, waarheen Hy hulle vooruitgaan, terug na die land van hulle herkoms, om daar deur Hom gebruik te word as sy getuies. Om kos op die tafel te sit besluit Petrus om die nag weer te gaan visvang, en die ander ses gaan saam, maar die nag se arbeid lewer geen vis op nie.

21:4 Met dagbreek staan Jesus plotseling op die strand. Die dissipels sien die man staan, maar herken Hom nie, soos Maria nie vir Jesus herken het nie (20:14). Jesus lewe in 'n ander bestaanswyse as sy vroeëre aardse bestaan, maar vir sy kontak met sy dissipels, in die tyd tussen opstanding en hemelvaart, pas Hy telkens aan by hulle aardse bestaanswyse om Hom aan hulle te openbaar, en om hulle te verseker van sy opstanding en sy teenwoordigheid by hulle (Mat 28:20: 'en onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die aarde').

21:5-6 Jesus spreek hulle aan met 'n lieflingswoord (*paidia*) my liewe kinders/my liewe vriende/geliefdes. Hy vra: 'het julle dan nog nie toekos nie?' – vis was die gebruikelike toekos saam met brood, wat die hoofbestanddeel van die ete was. Jesus se vraag verwag 'n negatiewe antwoord, Hy weet hulle het niks gevang nie, en hulle antwoord met 'n moeë 'nee!' Hulle het 'n vrugtelose nag gehad, waarin hulle vir hulleself wou sorg. Jesus ken egter nie slegs die mens deur en

deur nie, Hy is ook die skepper en onderhouer van die visse, en gee die opdrag om die net aan die regterkant van die skuit uit te gooi, met die versekering dat hulle dan vis sal kry. Dit word 'n geweldige wonder. Soos by Kana waar daar nie meer wyn was nie (2:3), word die niks 'n oorfloed. In 15:5 het Jesus gesê: sonder My kan julle niks doen nie. Maar met Hom...baie vrug.

21:7 Soos op Paasmôre (20:3-6) besef die geliefde dissipel eerste dat die onbekende man op die strand die opgestane Here is, wat vir die wonder verantwoordelik is. Hy sê vir Petrus wat sy oortuiging is, en impulsiewe Petrus, wat eerste die plan gehad het om te kom visvang, en wat by die graf ingestorm het, spring ook eerste uit die skip in die see om so vinnig moontlik by Jesus te kom.

21:8 Die ander ses dissipels roei om die swaar net die 200 el (ongeveer 100 treë) met die boot land toe te trek.

21:9-10 'n Nuwe wonder wag vir hulle op die strand: vis wat op die kole braai, en brood gereed vir die oggendmaal. Jesus stuur hulle om ook van die vis van die groot vangs te bring. Jesus kan self genoeg voorsien, sonder die hulp van mense, maar gebruik tog mense om te help met die voorbereiding van die maaltyd wat Hy wil aanbied.

21:11 Petrus verstaan die wenk van Jesus; hy gaan help met die intrek van die net en die tel van die vis, soos gebruiklik sodat elke visser sy aandeel kan kry vir sy gesin: 153 groot visse, 'n massiewe vangs wat hulle gesinne kan onderhou. Jesus sorg oorfloedig in hulle behoefte. Nog 'n wonder: die net het nie geskeur nie!

21:12-13 Jesus nooi hulle uit om die oggendete saam met Hom te kom geniet, soos Hy altyd as die huisvader die brood en vis aan hulle uitgedeel het (6:11). Maar daar is 'n huiwering by die dissipels. Dit is wel Jesus, soos hulle Hom geken het, maar Hy is tog heel anders, 'n misterie. Daarom waag niemand om Hom te vra: wie is U? nie. Hulle weet Hy is die Here, die

goddelike Here. Soos met die Emmausgangers van Luk.24:30 is hulle daarvan seker toe Jesus die brood en die vis breek en aan hulle uitdeel – aan sy kinders wat uit sy hand saam eet in die gemeenskap van 'n hegte gesin. Die belangrikheid van kameraadskap, die liefdevolle saamwees in vrede en vreugde word deur die ete gekommunikeer: 'my vrede gee Ek vir julle' (16:33); 'sodat julle vrede kan vind in My' (16:33); 'dat my blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees...Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet' (15:11-12).

21:14 Die derde verskyning van Jesus aan die dissipelgroep, in Galilea, op pad na die 'uithoeke van die wêreld' (Hand.1:8).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Die doel van die Evangelie (20:30-31)

Die doel van die Evangelie (20:30-31) – Francois Malan

Die verse is 'n eerste afsluiting van die boek, wat begin met die Woord van God wat self God is (1:1) tot die hoogtepunt van Jesus se bediening met Tomas se belydenis en erkenning van Jesus as sy God.

20:30 Uit 'n groot getal verhale van Jesus se wondertekens en sy woorde, wat mondelings oorgelewer is en sommige opgeteken is, het elke Evangelis 'n keuse gemaak wat vir die doel van sy Evangelie besondere insig verskaf. Soos Lukas sy werkwyse beskryf het (Luk.1:1-4), beskryf Johannes hier iets van sy

metode. Hy het nie alles neergeskryf wat hy van Jesus weet nie. Uit die oorfloed gegewens oor wat Jesus tydens sy aardse omwandeling gedoen het, het hy 'n keuse gemaak om sy beoogde doel te bereik (v31; 21:25). Hy verwys na 'baie ander wondertekens' (2:23; 4:45; 12:37) . maar by die sewe wat hy gekies het word hulle gepaardgaande uitgebreide prediking ingesluit. Dit is dinge wat 'voor die dissipels' gedoen en gesê is. Hulle is die oog- en oorgetuies daarvan, wat die waarheid daarvan kan bevestig.

20:31 Die doel van Johannes se keuse van wonderdade en woorde van Jesus is 'dat julle kan glo' *pisteusête* (aoritus konjunktief) – vir ongelowiges om die besluit te neem om in Jesus te glo (in die meeste en oudste manuskripte; *pisteuête* (sonder die 's,' teenwoordige konjunktief) – dat julle voortgaan in die geloof. Die Afrikaanse 'kan' dui waarskynlik beide aan, soos die woord in Johannes waarskynlik albei gedagtes wil oordra. Die Evangelie is eerstens geskryf vir die gemeentes in en om Efese om hulle op te bou in die geloof, maar is deur die eeue as die begin van die sendingprediking gebruik as 'n oproep aan ongelowiges tot geloof. Geloof kan egter nooit as vanselfsprekend aanvaar word nie, maar moet deurerntyd vernuwe word, en moet voortdurend deur die woord gevoed word.

Die belydenis wat die skrywer van die onbetrokkes verwag, en wat die betrokkes moet handhaaf, is: Jesus is die Christus, die Seun van God. Vir die Jode was die Messias en die seun van God dieselfde persoon, as seun aangeneem soos die koning in Ps.2. Maar in hierdie Evangelie is die term Seun van God verbind aan Joh.1:1,3 dat die Seun self God is, deur wie alles gemaak is. Daarom is sy Messiasskap, sy Koningskap, die reddende heerskappy van die God van liefde, wat aan die kruis verhoog is om almal na Hom toe te trek om Hom te volg. Dié tipe geloof in Jesus beteken om deel word van, en deel wees van die lewe in gemeenskap met Hom (soos Paulus se 'in Christus' as die ruimte waarin ons lewe en sterf). 'Sodat hulle wat glo die lewe in sy Naam kan hê' – in die ruimte van sy Naam, sodat jou lewe die Naam van Christen kan dra, wat in die ruimte van Christus as God se Seun lewe. Nie wondergeloof nie, maar geloof en verbondenheid aan die Persoon van Jesus.

Die Johannes-Evangelie wil nie 'n geskiedenis-kroniek wees nie, maar die oordra van 'n boodskap; nie 'n

verhaal nie, maar 'n getuienis; nie 'n verhandeling nie, maar 'n prediking; nie 'n teoretiese besinning nie, maar 'n noodsaaklike redding – dit gaan om die lewe, die nuwe soort lewe uit liefde, die ewige lewe, wat nou reeds begin vir die kind van God

Skrywer: [Prof. Francois Malan](#)

Jesus verskyn aan Tomas (20:24-29)

Jesus verskyn aan Tomas (20:24-29) – Francois Malan

'My Here, en my God!'

20:24-25 Ons het reeds met Tomas kennis gemaak in 11:16 as 'n lojale maar pessimistiese volgeling van Jesus, wat bereid is om saam met Jesus te sterf; en in 14:5 as iemand wat stadig is om te begryp en vrymoedig om dit te erken. Deur hom te onttrek van die dissipelgroep, waar hy hoort as een van die twaalf, het hy Jesus misgeloop. Sy reaksie op die dissipels se verruklike aankondiging: 'Ons het die Here gesien!' prikkel hom tot verset en is meer negatief as hulle spontane reaksie deur graf toe te hardloop op die vroue se aankondiging. Sy onredelike voorwaarde om te kan glo is 'n voorbeeld van wat Jesus in 4:48 gesê het. Tomas wil eers sien en voel, dan glo, maar dan is dit weet en nie glo nie.

20:26 Volgens die Joodse inklusiewe telling van agt dae, was dit die volgende Sondagand wat die dissipels weer in die huis byeen was. Volgens die Midde-Oosterse en Egiptiese gebruik om die dag van 'n koning se kroning as die 'koning se dag' te noem, het die Christene Sondag genoem as die dag waarop die

ware Here uit die dood opgestaan het om oor die hele skepping te regeer. Daarom het Sondag 'die dag van die Here geword' (Openb.1:10;vgl. 1 Kor. 16:2 se 'op elke eerste dag van die week' – 1983-vertaling: Sondag).

Tomas het hom intussen weer by die dissipelgroep se samekomste aangesluit. Soos die vorige Sondagaand verskyn Jesus weer plotseling tussen hulle met: 'vrede vir julle!' wat nou ook op die twyfelende Tomas gemik is.

20:27 Met Jesus se uitnodiging, wat Tomas se twyfelwoorde herhaal, oortuig Jesus vir Tomas van sy goddelike alwetendheid. Deur die merke aan sy hande en sy sy aan Tomas te wys, bevestig Hy sy identiteit, asook die realiteit van sy opstanding. Daarmee oortuig Hy vir Tomas dat sy Opgestane Here ook die Gekruisigde God is. Hy vermaan Tomas om nie ongelowig te wees nie, maar 'n gelowige. 'n Volgeling van Jesus moet die twyfel uit sy hart ban en met volle sekerheid in Jesus, die opgestane Here, glo.

20:28 Tomas is oorweldig deur die Here te verskyning en sy woorde aan hom. Sonder om Jesus aan te raak (20:29) bely Tomas uit die diepte van sy hart en oortuiging: 'My Here en my God!' Die twyfelaar uiter die grootste persoonlike belydenis van die opgestane Here – hy behoort aan Jesus, hy aanbid Jesus as sy God, en sal Hom voortaan dien as die Here wat die seggenskap oor sy lewe het. Hy vereer die Seun soos hy die Vader vereer (5:23), en deur geloof erken hy die waarheid van Joh.1:1: 'en die Woord was God.'

Soos Johannes die oorwinning van Maria Magdalena se twyfel geskilder het as dié een uit die vroue wat Vrydagaand by die graf was en Sondag na Jesus gaan soek het, so skilder hy een van die twaalf dissipels se oorwinning oor twyfel of Jesus werklik opgestaan het. Vir Tomas nooi Jesus uit om Hom aan te raak – wat hy nie gedoen het nie. Vir hom is dit 'n roepstem om nie oor-krities veraf te bly nie en dit lei tot sy aanbidding van die heilige God. Vir Maria weier Jesus dat sy Hom aanraak, om haar los te maak van 'n te grote gemeensaamheid met die mens Jesus wat sy goddelike heiligheid vergeet. Maria en die ander dissipels word getuies van die opstanding van Jesus. Tomas bely die godheid van die Opgestane Heer (die Griekse teks het die bepaalde lidwoord 'die' by Here en God; die Here van my en die God van my – nie dat Jesus soos 'n God is nie, maar dié God, die ware God)

20:29 Anders as die 1983-vertaling, is die eerste sin in vers 39 Jesus se verklaring van 'n waarheid en nie 'n vraag aan Tomas nie. Met Tomas se belydenis is die tema van twyfel afgehandel. Omdat hy gesien het, het hy nou insig en glo hy vas (twee werkwoorde in die voltooide/perfekte vorm). Maar dié wat nie vir Jesus gesien het nie, en geglo het, almal wat op grond van die woord van die apostels en hulle volgelinge tot oortuiging kom, noem Jesus gelukkiges, geseëndes – want geloof kom deur die werk van die Heilige Gees in die hart van 'n mens, wat die woord hoor en dit aanneem (Rom.10:17). Geloof is 'n bewys dat die Vader hom/haar aan Jesus gegee het en getrek het (6:37-40,44,65; 17:2) . Hulle is gelukkig omdat hulle direkte toegang tot Jesus en die Vader verkry (1 Petr.1:8-9).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)